Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

# Knie-werk sake…

Terugvoer: Ons kon die 26ste April gradeplegtigheid hou met baie vreugde. Van al die 3 maande studente was dit net Lezi vir wie ons gevra het om haar kursus te herhaal. Slegte nuus is dat Antifa se babatjie met geboorte dood is in dieselfde week. Bid asb. vir haar en haar man (Azarias).




Ons 3 jaar studente het saam met hulle gegradueer. Bid dat die Here hulle sal vashou om Sy getroue getuies te wees.

Pedro Cossa (onderwyser) is weer op die been en die probleme aan al die kante is weer onder beheer. Ons is dankbaar vir die gebedsverhoring.

Nuwe versoeke: Mahelane. Ons was die afgelope week in ’n village in die Maputo provinsie om ’n seminaar te hou. Die kerkies is nog in die proses om te ontdek wie God is. Die vroutjie op die foto het een aand gesê: “Dis die eerste keer dat ek hoor dat die dooies nie meer deel het aan hierdie lewe nie! Ek het ook nog nooit gehoor dat die Bybel is belangriker as die (Sioniste kerk se) profete nie! Bid asb. vir hulle. Mama Lucia is die plaaslike profetes. Sy het ons boodskap sterk teengestaan. Bid dat God homself aan hulle sal openbaar. Bid ook vir Armando Manusse (een van ons oud studente) en sy vrou wat in Mahelane woon. Hulle het ’n mooi getuienis van God se krag om lewens te verander. Bid dat God hulle hande sal sterk.



Ons het die week begin met 'n nuwe groep 3 jaar Pastorale kursus studente. Hier is hulle: (van links voor)




Raimundo, Manuel, Pedro, Mazive, Gilda, Alice, Judite. Almal van hulle het alreeds die 3 maande kerlike werker kursus gedoen. Bid dat hulle sal leer om fyn na God se stem te luister en agter Hom aan te praat. (lees gerus Jeremia 23:18, 22, 28-29). Hulle doen 'n kinderevangelisasie kursus die week voor ons vir 2 weke fokus op die huwelik. Bid vir Willem Botes wat die huweliks kursus en seminaar (waarheen ons al die plaaslike kerkleier heen uitgenooi het) sal kom aanbied. Bid dat God huwelike sal versterk om weerstand te bied teen elke aanslag om saam die Here te kan dien.

Dankie vir julle liefde en gebede!

Seënwense
Willem & Carol